- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke
  - Privaatheidsbeleid
  - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
  - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek


# Hoofstuk van die dag: 1 Samuel 13

> *As jy maar die bevel van die Here jou God wat Hy jou gegee het, nagekom het! (vers 13)*

’n Mens voel so half jammer vir Saul. Hy was in ’n lelike penarie. Samuel kom nie uit soos hulle afgespreek het nie

(maar kyk na vers 10!). Hy kon nie sit en toekyk hoe sy hele leër dros, en niks daaraan doen nie. Toe bring hy self die offer (vers 9).
Saul se groot oortreding was nie dat hy self die offer gebring het nie. Dit was destyds so dat die koning ook soms offers gebring het. Sy oortreding was dat hy as gesalfde van die Here hom nie onder die gesag van die Here se priester (en dus die Here self) gestel het nie. Hy moes 'n voorbeeld vir sy mense gestel het en die Here vertrou het vir uitkoms. Ongelukkig het hy meer aan sy manskappe se vermoëns gedink as aan die Here se almag, soos sy seun Jonatan later (1 Sam 14:6) bely het. Daarom was hy ongeskik vir sy rol as koning (vers 14).
Spr 3:5-6 sê tereg: "Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop."


## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X


© Bybelkoerant 2018 – 2026